Keuringsdae (Bylae F)

Die SABT maak voorsiening vir ses tipes keuring om aan die onderskeie behoeftes van sy lede te voldoen en sodoende ’n wêreldklasdiens aan sy lede te kan verskaf, naamlik:

1. ’n gewone keuring;
2. ’n herkeuring;
3. ’n appèlkeuring;
4. ’n spesiale keuring;
5. ’n tuiskeuring; en
6. ’n video-keuring.

Evaluasies

Vooraf-evaluasies deur ’n senior keurder is gratis en eienaars mag voor enige keuring daarvoor vra. In die geval van ’n herkeuring mag die keurder die geldende registrasiesertifikaat/keurkaart bestudeer, maar hy/sy mag dit nie tydens die werklike keuringsproses gebruik nie.

1. Gewone keuring

Om enige keurpunt vlot te laat verloop, is daar sekere aksies wat chronologies op mekaar moet volg.

Hierdie riglyne sal met die nodige aanpassings ook op keuringstoere van toepassing wees.

Boerboel-eienaars

1. Wanneer die persoon by die keurpunt arriveer, moet hy waar moontlik, sy/haar Boerboel by sy/haar voertuig of in iemand se sorg laat en by die administratiewe tafel aanmeld. (Raadpleeg ook Bylae E).

2. Die eienaar moet die Boerboel se geboortesertifikaat/geboortekennisgewing by die administratiewe tafel indien en die nodige geld betaal soos wat die Raad van tyd tot tyd voorskryf. Die geldende tariewe verskyn op die SABT-webtuiste: http://www.sabt.co.za/forms/tariewe.pdf

3. Na voltooiing van die nodige dokumente word daar ’n volgnommer aan hom/haar uitgereik ten opsigte van elke Boerboel wat hy/sy wil laat keur.

4. Wanneer die keuring begin, word die Boerboele in chronologiese volgorde na die keurring geroep.

5. Alle Boerboele wat vir keuring gebring word, **moet** aan ’n leiband kan loop.

6. Die Boerboel-eienaar moet die Boerboel in die ring rondlei en hom/haar slegs op versoek van ’n keurder tot stilstand bring sodat die nodige inspeksie gedoen kan word.

7. Nadat die ondersoek afgehandel is, word die keurkaart by die administratiewe tafel vir verwerking ingelewer.

8. Nadat die Boerboel gekeur is, moet die eienaar en die Boerboel buite die ring wag totdat die finale verslag opgestel en kommentaar gelewer is.

9. Direk hierna moet die eienaar die Boerboel verwyder en die afskrif van die keurkaart by die administratiewe tafel afhaal.

Optrede van SABT-beamptes by ’n keuringsdag

1. Na aankoms by die keurpunt word alle nodige administratiewe reëlings behoorlik getref om alles so spoedig moontlik vlot te laat verloop.

2. Die Raadslid in beheer van die betrokke keurpunt doen die nodige verwelkoming en ander afkondigings, soos:

   a) die bedankings soos nodig;
   b) uiteensetting van die volgorde waarvolgens die keurproses sal plaasvind;
   c) enige addisionele reëlings of aktiwiteite;
   d) die beskikbaarheid van verversings;
   e) toiletgeriewe; en
   f) die bekendstelling van die keurders.

3. Die senior keurder en keurder(-s) neem hul posisie in die keurring. Die aankondiger roep hond nommer l na die ring.

4. Die keurder mag te eniger tyd die Boerboel in die ring met die senior keurder bespreek sodat die hond die regte punt wat hom/haar toekom, sal ontvang.

5. Die senior keurder neem ’n beslissende besluit oor die punt en dra dit aan die keurder(-s) oor.

6. **Slegs** die senior keurder vul die keurkaart in.

7. Alle keurders wat by die keuring betrokke is, onderteken die keurkaart, vul hul lidnommers in en dien dit by die administratiewe tafel in.

8. Die administratiewe personeel verwerk die punte van die Boerboel wat gekeur is en gee ’n afskrif van die keurkaart aan die eienaar.

9. Alle aksies ten opsigte van keurpunte en hul vereistes soos deur ander Bylaes tot die Grondwet voorgeskryf is, moet steeds nagekom word.

10. Geen individu mag enige uitspraak lewer wat hom-/haarself of die SABT kompromitteer nie.

11. Wanneer ’n Boerboel 75% en meer tydens ’n keuring van die SABT behaal, word hy/sy in die registasieregister van die SABT geregistreer.

12. Wanneer ’n Boerboel minder as 75% tydens ’n keuring van die SABT behaal, word hy/sy afgekeur en dus nie deur die SABT geregistreer nie.

13. Indien ’n Boerboel-eienaar nie tevrede is met die verslag van sy/haar Boerboel nie, kan hy/sy appelleer. Sien *Appèlkeuring* hieronder.

14. ’n Boerboel kan op grond van die senior keurder se oordeel gediskwalifiseer word indien die Boerboel enige ernstige afwykings en/of kombinasie van afwykings van die rasstandaard het wat die hond se gesondheid en/of funksionaliteit nadelig sal beïnvloed. Onbeheerste ooraggressiewe of bang Boerboele sal ook onmiddellik gediskwalifiseer word.

15. Wanneer ’n Boerboel meer as 85% tydens ’n keuring van die SABT behaal, kan hy/sy in die Stoetregister opgeneem word, mits die eienaar die oorspronklike sertifikate aan die SABT-kantoor voorlê wat as bewys sal dien dat die betrokke hond aan die volgende vereistes voldoen:

- Tewe moet deur een van die SABT-geïdentifiseerde veeartse vir tekens van vaginale hiperplasie ondersoek word. Graad 1 is die kriterium vir toelating tot die Stoetregister.
- ’n Gesertifiseerde radioloog moet sertifiseer dat die betrokke hond ’n heupstatus van tussen 0:0 en 1:1 het of ’n FCI-status van tussen A1 en C2.
- Die betrokke hond moet tydens die keurproses ’n *korrek* (+) of *aanvaarbaar* (o) vir sy/haar ooglede kry en nie ’n *fout* (-) nie.

2. Herkeuring

1. Soms word honde op ’n baie jong ouderdom vir keuring voorgebring omdat die eienaar graag met hom/haar wil begin teel. Dit staan die eienaar vry om die hond te enige tyd weer te laat herkeur. Die moontlikheid bestaan egter dat die hond ten tye van die herkeuring nie verder ontwikkel het nie en hy/sy dus nie ’n beter punt sal verkry nie. (Sien *Evaluasies* hierbo.)

2. Die keuringskoste is dieselfde as dié van ’n gewone keuring.

3. Die herkeuring se punte bly van krag.

3. Appèlkeuring

Indien ’n Boerboel-eienaar nie tevrede is met die verslag van sy/haar Boerboel nie, kan hy/sy appelleer. Die prosedure vir appèl is as volg.

1. Appèl moet **direk** ná afloop van die uitslag van die betrokke hond aangeteken word.

2. Die Boerboel-eienaar kontak die Raadslid van sy/haar provinsie.

3. Die Boerboel-eienaar verduidelik aan die Raadslid waarom hy/sy ontevrede is. Die eienaar van die hond moet **slegs** die spesifieke punt/punte waarmee hy/sy nie saamstem nie, uitwys.

4. Die Raadslid oordeel of die saak wel meriete het.

5. Indien die Raadslid voel dat die saak wel meriete het, kan hy/sy reël dat die betrokke Boerboel op dieselfde dag herkeur word indien daar meer as een senior keurder aanwesig is, of andersins binne sewe dae ná die keuring.

6. Die eienaar moet die keuringskoste, ’n bedrag wat gelykstaande is aan dié van ’n gewone keuring, by die administratiewe tafel inbetaal.

7. Indien die appèl gehandhaaf word, is die geld aan die eienaar terugbetaalbaar. Indien die appèl van die hand gewys word, verbeur die eienaar die geld.

8. Die Boerboel-eienaar kan geen finansiële eise teen die SABT instel nie.

4. Spesiale keuring

1. ’n Keuringsdag wat nié op die amptelike gepubliseerde jaarprogram geskeduleer is nie, sal slegs in hoogs uitsonderlike gevalle op meriete oorweeg word.

2. ’n Spesiale keuringsdag moet in samewerking met die Rasstandaard- en keuringskomitee gereël word.

3. Die voorsitter of ondervoorsitter en die betrokke Raadslid moet in kennis gestel word.

4. ’n Spesiale keuringsdag moet onder die beskerming van die SABT geskied en deur die betrokke Raadslid gekoördineer word.

5. Dit moet ten minste 14 dae voor die tyd wyd geadverteer word.

6. Daar moet ten minste 15 honde aangebied word.

7. Indien so ’n spesiale keuringsdag wel toegestaan word, sal die aansoeker vir die totale koste van dié dag verantwoordelik wees. Dit sluit die reis- en verblyfkostes van keurders en raadslede, asook die koste verbonde aan die terrein in.

8. Die keuringskoste is dieselfde as dié van ’n gewone keuring.

5. Tuiskeuring

1. In ’n spesiale geval waar die eienaar vanweë sy gesondheid nie in staat is om ’n keuring by te woon nie, mag hy/sy toestemming van die betrokke Raadslid verkry om die hond privaat te laat keur.

2. Die keurder vul nie die keurkaart volledig in nie. Die hond ontvang die minimumpunt van 75% indien daar geen ooglopende tekens van diskwalifikasie is nie. Die uitslag sal as sulks vir registrasiedoeleindes aangemeld word.

3. Die eienaar mag die hond op ’n latere tydstip, wanneer dit vir hom wel moontlik is, na ’n volgende keurpunt neem om te laat herkeur.

4. Die keuringskoste is dieselfde as dié van ’n gewone keuring.

6. Video-keuring

1. Video-keurings word sedert 2006 nie meer in Suid-Afrika gedoen nie.

2. Dit word slegs in *uitsonderlike* gevalle en op meriete in die buiteland toegestaan.

3. Die eienaar van die hond moet by sy Raadslid daarom aansoek doen en grondige redes vir sy/haar versoek verstrek.

4. Die Raadslid sal hom/haar van die neergelegde voorskrifte voorsien waaraan die video-opname moet voldoen.

5. Aansoeke vir video-keurings moet aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word.

5. Geen keurkaart word ingevul nie. Die hond ontvang die minimumpunt van 75% indien daar geen ooglopende tekens van diskwalifikasie is nie. Die uitslag sal as sulks vir registrasiedoeleindes aangemeld word.

6. Die koste van videokeurings word deur die Raad bepaal.

Let wel

Alle Boerboele wat vir enige van die keurprosesse hierbo genoem, aangebied word moet aan 'n leiband kan loop.